THE PROVINCE OF PWV
DIE PROVINSIE PWV

Provincial Gazette Extraordinary
Buitengewone Provinsiale Koerant

Selling price: **R1,50** ◇ Other countries: **R1,95**
Verkoopprys: **R1,50** ◇ Buitelands: **R1,95**

Vol. 237 PRETORIA, 6 DECEMBER / DESEMBER 1994 **No. 5063**

PROCLAMATION · PROKLAMASIE

PROCLAMATION

No. 34 (Premier's), 1994

LOCAL GOVERNMENT TRANSITION ACT, 1993
(ACT No. 209 OF 1993)

CITY COUNCIL OF SPRINGS

Under section 10 of the Local Government Transition Act, 1993 (Act No. 209 of 1993), I hereby, with the concurrence of the Provincial Committee, make the enactments in the Schedule.

Given under my Hand at Johannesburg this Sixth day of December, One thousand Nine hundred and Ninety-four.

T. M. G. SEXWALE,
Premier-in-Executive Council.

SCHEDULE

Establishment of Transitional Local Council

1. A transitional local council, hereunder called the City Council of Springs, is hereby established as contemplated in section 7 (1) (b) (i) of the Local Government Transition Act, 1993 (Act No. 209 of 1993), with

PROKLAMASIE

No. 34 (Premiers-), 1994

OORGANGSWET OP PLAASLIKE REGERING, 1993
(WET No. 209 VAN 1993)

STADSRAAD VAN SPRINGS

Kragtens artikel 10 van die Oorgangswet op Plaaslike Regering, 1993 (Wet No. 209 van 1993), vaardig ek hierby, met die instemming van die Provinsiale Komitee, die maatreëls in die Bylae uit.

Gegee onder my Hand te Johannesburg, op hede die Sesde dag van Desember Eenduisend Negehonderd Vier-en-negentig.

T. M. G. SEXWALE,
Premier-in-Uitvoerende Raad.

BYLAE

Instelling van Plaaslike Oorgangsraad

1. 'n Plaaslike oorgangsraad, hieronder die Springs Stadsraad genoem, word hierby, soos beoog in artikel 7 (1) (b) (i) van die Oorgangswet op Plaaslike Regering, 1993 (Wet No. 209 van 1993), vanaf die datum

effect from the date upon which this Proclamation shall come into operation (hereunder called the effective date), comprising the City Council of kwaThema, the Town Council of Springs and the Management Committee of Bakerton, which City Council of Springs shall be deemed to be a local authority in terms of the Local Government Ordinance, 1939 (Ordinance No. 17 of 1939).

Dissolution of local government bodies

2. The City Council of kwaThema, the Town Council of Springs and the Management Committee of Bakerton are hereby dissolved on the effective date.

Area of City Council of Springs

3. The area of the City Council of Springs comprises the existing area of jurisdiction of the dissolved City Council of kwaThema as defined in Government Notice No. 1657 of 15 August 1980, the area of the dissolved Town Council of Springs as defined in Government Notice No. 87 of 18 November 1904, as amended, and the area of the dissolved Management Committee of Bakerton as defined in Administrator's Notice No. 1146 of 11 July 1984.

Councillors

4. (1) The City Council of Springs comprises 32 Councillors.

(2) The terms of office of the Councillors of the dissolved local government bodies mentioned in section 2 shall be terminated on the effective date.

(3) The persons mentioned in Annexure A, and duly nominated in terms of paragraph 5 of Schedule 1 to the Local Government Transition Act, 1993, are hereby appointed as Councillors of the City Council of Springs.

(4) Any casual vacancy arising on the City Council of Springs as from the effective date shall be reported to the Member for Housing and Local Government of the Executive Council within thirty (30) days, which vacancy shall, notwithstanding the provisions of sections 20 and 36 of the Municipal Elections Ordinance, 1970 (Ordinance No. 16 of 1970), be filled by the competent authority from the relevant component of the list as contained in Annexure B of additional candidates in order of preference as contemplated in paragraph 5 of Schedule 1 to the Local Government Transition Act, 1993.

Mayor and Deputy Mayor

5. The City Council of Springs shall, in the manner prescribed for the election of a Major and Deputy Mayor in sections 16 and 17 respectively of the Local Government Ordinance, 1939, elect within fourteen (14) days after the effective date, at a special meeting of the Council, a Mayor nominated by the statutory component and a Deputy Mayor nominated by the non-statutory component from the Councillors mentioned in section 4 (3).

van inwerkingtreding van hierdie Proklamasie (hieronder die effektiewe datum genoem), ingestel, bestaande uit die Stadsraad van kwaThema, die Stadsraad van Springs en die Bestuurskomitee van Bakerton, welke Springs Stadsraad geag word 'n plaaslike bestuur ingevolge die Ordonnansie op Plaaslike Bestuur, 1939 (Ordonnansie No. 17 van 1939), te wees.

Ontbinding van plaaslike owerheidsliggame

2. Die Stadsraad van kwaThema, die Stadsraad van Springs en die Bestuurskomitee van Bakerton word hierby op die effektiewe datum ontbind.

Gebied van Springs Stadsraad

3. Die gebied van die Springs Stadsraad bestaan uit die bestaande regsgebied van die ontbinde Stadsraad van kwaThema, soos omskryf by Goewermentskennisgewing No. 1657 van 15 Augustus 1980, die gebied van die ontbinde Stadsraad van Springs soos omskryf by Goewermentskennisgewing No. 87 van 18 November 1904, soos gewysig, en die gebied van die ontbinde Bestuurskomitee van Bakerton soos omskryf by Administrateurskennisgewing No. 1146 van 11 Julie 1984.

Raadslede

4. (1) Die Springs Stadsraad bestaan uit 32 Raadslede.

(2) Die ampstermyne van die Raadslede van die ontbinde plaaslike owerheidsliggame in artikel 2 vermeld, word op die effektiewe datum beëindig.

(3) Die persone in Aahangsel A vermeld, wat behoorlik kragtens paragraaf 5 van Bylae 1 by die Oorgangswet op Plaaslike Regering, 1993, benoem is, word hierby as Raadslede van die Springs Stadsraad aangestel.

(4) *Enige toevallige vakature wat na die effektiewe* datum op die Springs Stadsraad ontstaan, moet binne dertig (30) dae aan die Lid van Behuising en Plaaslike Regering van die Uitvoerende Raad gerapporteer word, welke vakature, ondanks die bepalings van artikels 20 en 36 van die Ordonnansie op Munisipale Verkiesings, 1970 (Ordonnansie No. 16 van 1970), deur die bevoegde gesag gevul word uit die betrokke komponent van die lys van bykomende kandidate in orde van voorkeur soos beoog in paragraaf 5 van Bylae 1 by die Oorgangswet op Plaaslike Regering, 1993, in Aanhangsel B vervat.

Burgemeester en Onderburgemeester

5. Die Springs Stadsraad verkies, binne veertien (14) dae na die effektiewe datum op 'n spesiale vergadering van die Springs Stadsraad, 'n Burgemeester deur die statutêre komponent genomineer en 'n *Onderburgemeester deur die nie-statutêre komponent* genomineer uit die Raadslede in artikel 5 (3) vermeld op die wyse voorgeskryf vir die verkiesing van 'n Burgemeester en Onderburgemeester by artikels 16 en 17 onderskeidelik van die Ordonnansie op Plaaslike Bestuur, 1939.

Allowances of Councillors, Mayor and Deputy Mayor

6. (1) All the Councillors shall, as from the effective date, receive the same allowances as the allowances paid to the Councillors of the dissolved Town Council of Springs.

(2) The Mayor and the Deputy Mayor shall, as from the effective date, receive the same allowance as the allowances paid to the Mayor and Deputy Mayor of the dissolved Town Council of Springs.

Executive and other Committees

7. (1) The City Council of Springs shall, at the meeting contemplated in section 5, notwithstanding the provisions of the Local Government (Administration and Elections) Ordinance, 1960 (Ordinance No. 40 of 1960), in terms of the provisions of section 16 (6) of the Local Government Transition Act, 1993, elect from its members an Executive Committee comprising three members of the statutory component and three members of the non-statutory component, and shall elect one member of the Executive Committee from the non-statutory component as Chairperson and one member of the Executive Committee from the statutory component as Deputy Chairperson of such Executive Committee.

(2) The provisions of sections 1 and 55 to 61 of the Local Government (Administration and Elections) Ordinance, 1960, shall, for the purposes of this Proclamation, be applicable *mutatis mutandis* to the Executive Committee contemplated in subsection (1).

(3) Any resolution pertaining to town-planning shall be taken by a majority of the members of the Executive Committee contemplated in subsection (1): Provided that the Executive Committee may delegate its powers to take such resolutions to any committee contemplated in subsection (5) appointed for this purpose.

(4) The Chairperson, Deputy Chairperson and members of the Executive Committee shall, after the effective date, receive the same allowance as the allowances paid to the Chairman, Deputy Chairman and members of the Management Committee respectively of the dissolved Town Council of Springs.

(5) The City Council of Springs may appoint one or more other committees than the Executive Committee contemplated in subsection (1) and invest such committee or committees with such powers, functions and duties as the Council may deem fit.

Transfer of assets, liabilities, rights, obligations and successor-in-law

8. (1) All assets, liabilities, rights and obligations of the dissolved local government bodies mentioned in section 2 shall, as from the effective date be transferred to the City Council of Springs.

(2) The City Council of Springs shall as from the effective date, and subject to the provisions of subsection (3), for the purposes of this Proclamation be the successor-in-law of the dissolved local government bodies mentioned in section 2.

Toelaes van Raadslede, Burgemeester en Onderburgemeester

6. (1) Al die Raadslede ontvang vanaf die effektiewe datum dieselfde toelaes as wat aan Raadslede van die ontbinde Stadsraad van Springs betaal is.

(2) Die Burgemeester en die Onderburgemeester ontvang vanaf die effektiewe datum dieselfde toelaes as wat aan die Burgemester en Onderburgemeester van die ontbinde Stadsraad van Springs betaal is.

Uitvoerende en ander Komitees

7. (1) Die Springs Stadsraad verkies, tydens die vergadering in artikel 5 bedoel, ondanks die bepalings van die Ordonnansie op Plaaslike Bestuur (Administrasie en Verkiesings), 1960 (Ordonnansie No. 40 van 1960), ingevolge artikel 16 (6) van die Oorgangswet op Plaaslike Regering, 1993, uit sy lede 'n Uitvoerende Komitee, bestaande uit drie lede van die statutêre komponent en drie lede van die nie-statutêre komponent, en verkies een lid van die Uitvoerende Komitee uit die nie-statutêre komponent genomineer as Voorsitter en een lid van die Uitvoerende Komitee uit die statutêre komponent genomineer as Ondervoorsitter van sodanige Uitvoerende Komitee.

(2) Die bepalings van artikels 1 en 55 tot 61 van die Ordonnansie op Plaaslike Bestuur (Administrasie en Verkiesings), 1960, is, by die toepassing van hierdie Proklamasie, *mutatis mutandis* op die Uitvoerende Komitee in subartikel (1) bedoel van toepassing.

(3) Enige besluit betreffende dorpsbeplanning word deur 'n meerderheid van die lede van die Uitvoerende Komitee in subartikel (1) bedoel geneem: Met dien verstande dat die Uitvoerende Komitee sy bevoegdheid om sodanige besluite te neem aan enige komitee in subartikel (5) bedoel wat vir hierdie doel aangestel is kan delegeer.

(4) Die Voorsitter, Ondervoorsitter en lede van die Uitvoerende Komitee ontvang na die effektiewe datum dieselfde toelaes as wat onderskeidelik aan die Voorsitter, Ondervoorsitter en lede van die Bestuurskomitee van die ontbinde Stadsraad van Springs betaal is.

(5) Die Springs Stadsraad kan bykomend tot die Uitvoerende Komitee in subartikel (1) bedoel, een of meer komitees aanstel en sodanige komitee of komitees met sodanige funksies beklee as wat die Raad goed mag ag.

Oordra van bates, laste, regte, verpligtinge en regsopvolger

8. (1) Alle bates, laste, regte en verpligtinge van die ontbinde plaaslike owerheidsliggame in artikel 2 vermeld word vanaf die effektiewe datum, en behoudens die bepalings van subartikel (3), aan die Springs Stadsraad oorgedra.

(2) Die Springs Stadsraad word vir die doeleindes van hierdie Proklamasie vanaf die effektiewe datum, en behoudens die bepalings van subartikel (3), die regsopvolger van die ontbinde plaaslike owerheidsliggame in artikel 2 vermeld.

(3) Any liability, debt or obligation which has been incurred by the dissolved black local government body mentioned in section 2, namely the dissolved City Council of kwaThema, up to and including the day preceeding the effective date, other than a liability, debt or obligation which has been incurred in respect of any infrastructure that generats revenue or infrastructure which is or can be utilised by the City Council of Springs, shall devolve upon the City Council of Springs subject to the right of the national government to assume such liabilities, debts or obligations in terms of assurances made by the national government that no transitional council will inherit any external debts of the said black local government body up to the effective date.

By-laws, regulations, statutory notices, resolutions and delegations

9. Subject to the provisions of this Proclamation, all by-laws, regulations, statutory notices, resolutions and delegations of the dissolved government bodies mentioned in section 2 which immediately before the effective date were in force in any area of the said dissolved government bodies, shall continue in force in such area, subject to any repeal or amendment of such by-laws, regulations, statutory notices, resolutions and delegations by the City Council of Springs.

Budget

10. The 1994/95 budget of the dissolved local government bodies mentioned in section 2 shall, notwithstanding the provisions of section 58 of the Local Government Ordinance, 1939, be deemed to be the 1994/95 budget of the City Council of Springs until a single consolidated budget is approved.

Representation on Regional Services Council

11. Representation of the dissolved local government bodies mentioned in section 2 before the effectibe date in terms of the Regional Services Councils Act, 1985, (Act No. 109 of 1985), on the East Rand Regional Services Council, shall be terminated on the effective date.

Authorized local authority

12. (1) The City Council of Springs is, under the provisions of section 2 of the Town-planning and Townships Ordinance, 1986 (Ordinance No. 15 of 1986), as from the effective date, deemed to be an authorized local authority for the purposes of Chapters II, III and IV of the said Ordinance.

(2) The City Council of Springs is, under the provisions of section 3 of the Division of Land Ordinance, 1986 (Ordinance No. 20 of 1986), as from the effective date, deemed to be an authorized local authority for the purposes of Chapter IV of the said Ordinance.

(3) Enige las, skuld of verpligting wat deur die ontbinde swart plaaslike owerheidsliggaam vermeld in artikel 2, naamlik die ontbinde Stadsraad van kwaThema aangegaan is tot op en insluitend die dag wat die effektiewe datum voorafgegaan, behalwe 'n las, skuld of verpligting wat aangegaan is ten opsigte van enige infrastruktuur wat inkomste genereer of infrastruktuur wat deur die Springs Stadsraad aangewend word of kan word, gaan op die Springs Stadsraad oor onderhewig aan die reg van die nasionale regering om diesulke laste, skulde of verpligtinge te aanvaar kragtens versekerings gemaak deur die nasionale regering dat geen oorgangsraad enige eksterne skuld van die genoemde swart plaaslike owerheidsligaam tot op die effektiewe datum sal erf nie.

Verordeninge, regulasies, wetlike kennisgewings, besluite en delegasies

9. Behoudens die bepalings van hierdie Proklamasie bly alle verordeninge, regulasies, wetlike kennisgewings, besluite en delegasies van die ontbinde plaaslike owerheidsliggame in artikel 2 vermeld wat onmiddellik voor die effekteiwe datum van krag was in enige gebied van die gemelde ontbinde plaaslike owerheidsliggame, van krag in daardie gebied, behoudens enige herroeping of wysiging van sodanige verordeninge, regulasies, wetlike kennisgewings, besluite en delegasies deur die Springs Stadsraad.

Begroting

10. Die 1994/95-begroting van die ontbinde plaaslike owerheidsliggame in artikel 2 vermeld word, ondanks die bepalings van artikel 58 van die Ordonnansies op Plaaslike Bestuur, 1939, geag die 1994/95-begroting van die Springs Stadsraad te wees, totdat 'n enkele gesamentlike begroting goedgekeur word.

Verteenwoordiging op Streeksdiensteraad

11. Verteenwoordiging wat die ontbinde plaaslike owerheidsliggame in artikel 2 vermeld kragtens die Wet op Streeksdiensterade, 1985 (Wet No. 109 van 1985), voor die effektiewe datum op die Oos-Rand Streeksdiensteraad gehad het, word op die effektiewe datum beëindig.

Gemagtigde plaaslike bestuur

12. (1) Die Springs Stadsraad word, kragtens die bepalings van artikel 2 van die Ordonnansie op Dorpsbeplanning en Dorpe, 1986 (Ordonnansie No. 15 van 1986), vanaf die effektiewe datum geag 'n gemagtigde plaaslike bestuur vir doeleindes van Hoofstukke II, III en IV van genoemde Ordonnansie te wees.

(2) Die Springs Stadsraad word, kragtens die bepalings van artikel 3 van die Ordonnansie op die Verdeling van Grond, 1986 (Ordonnansie No. 20 van 1986), vanaf die effektiewe datum geag 'n gemagtigde plaaslike bestuur vir doeleindes van Hoofstuk IV van genoemde Ordonnansie te wees.

Local authority contemplated in Sixth Schedule to Local Government Ordinance, 1939

13. The City Council of Springs is hereby, as from the effective date, deemed to be a local authority as contemplated in Part II of the Sixth Schedule to the Local Government Ordinance, 1939.

Single Local Administration

14. (1) A single Local Administration is hereby established for the City Council of Springs.

(2) A permanent organisational structure for the Single Administration shall be constituted by the City Council of Springs as soon as possible after the effective date.

Town Clerk

15. (1) The Town Clerk of the dissolved Town Council of Springs shall, for the purposes of this Proclamation, and subject to the provisions of the Remuneration of Town Clerks Act, 1984 (Act No. 115 of 1984), and the Profession of Town Clerks Act, 1988 (Act No. 75 of 1988), be deemed to be the Town Clerk of the City Council of Springs as contemplated in section 62 of the Local Government Ordinance, 1939.

(2) The Town Clerk shall, for the purposes of this Proclamation perform all the functions, powers and duties assigned to a Town Clerk in terms of the Local Government Ordinance, 1939, the Local Government (Administration and Elections) Ordinance, 1960, the Municipal Elections Ordinance, 1970, or any other law, or resolution of the dissolved local government bodies mentioned in section 2.

Employees and officers of City Council of Springs

16. (1) After a permanent organisational structure as contemplated in section 14 (2) has been constituted, all employees and officers in the service of the dissolved local government bodies mentioned in section 2 and those employees and officers employed by the City Council of Springs prior to the constitution of such permanent organisational structure, shall be transferred to the Single Local Administration contemplated in section 14 (1) in accordance with the provisions of section 10 (3) (f) (i) and (j) of the Local Government Transition Act, 1993.

(2) Until the employees and officers contemplated in subsection (1) have been transferred to the Single Local Administration, the employees and officers concerned shall, for the purposes of this Proclamation, be deemed to be in the service of the City Council of Springs.

Effective date

17. This Proclamation shall come into operation on **7 December 1994.**

Plaaslike bestuur in Sesde Bylae by Ordonnansie op Plaaslike Bestuur, 1939, bedoel

13. Die Springs Stadsraad word hierby, vanaf die effektiewe datum, geag 'n plaaslike bestuur soos bedoel in Deel II van die Sesde Bylae by die Ordonnansie op Plaaslike Bestuur, 1939, te wees.

Enkele Plaaslike Administrasie

14. (1) 'n Enkele Plaaslike Administrasie word hierby vir die Springs Stadsraad ingestel.

(2) 'n Permanente organisatoriese struktuur vir die Enkele Administrasie moet deur die Springs Stadsraad so spoedig moontlik na die effektiewe datum saamgestel word.

Stadsklerk

15. (1) Die Stadsklerk van die ontbinde Stadsraad van Springs word by die toepassing van hierdie Proklamasie, behoudens die bepalings van die Wet op die Besoldiging van Stadsklerke, 1984 (Wet No. 115 van 1984), en die Wet op die Beroep van Stadsklerke, 1988 (Wet No. 75 van 1988), geag die Stadsklerk van Springs Stadsraad te wees, soos bedoel in artikel 62 van die Ordonnansie op Plaaslike Bestuur, 1939.

(2) Die Stadsklerk oefen by die toepassing van hierdie Proklamasie al die funksies, bevoegdhede en pligte uit wat aan 'n Stadsklerk kragtens die Ordonnansie op Plaaslike Bestuur, 1939, die Ordonnansie op Plaaslike Bestuur (Administrasie en Verkiesings), 1960, die Ordonnansie op Munisipale Verkiesings, 1970, of enige ander wet, of besluit van die ontbinde plaaslike owerheidsliggame in artikel 2 vermeld, opgedra is.

Werknemers en beamptes van Springs Stadsraad

16. (1) Nadat 'n permanente organisatoriese struktuur soos in artikel 14 (2) bedoel saamgestel is, moet alle werknemers en beamptes in diens van die ontbinde plaaslike owerheidsliggame in artikel 2 vermeld en daardie werknemers en beamptes wat deur die Springs Stadsraad in diens geneem is voordat sodanige permanente organisatoriese struktuur saamgestel is, na die Enkele Plaaslike Administrasie in artikel 14 (1) bedoel, oorgeplaas word ooreenkomstig die bepalings van artikel 10 (3) (f) (i) en (j) van die Oorgangswet op Plaaslike Regering, 1993.

(2) Totdat die werknemers en beamptes in subartikel (1) bedoel na die Enkele Plaaslike Administrasie oorgeplaas is, word die betrokke werknemers en beamptes vir doeleindes van hierdie Proklamasie geag in diens van die Enkele Plaaslike Administrasie van die Springs Stadsraad te wees.

Effektiewe datum

17. Hierdie Proklamasie tree in werking op **7 Desember 1994.**

ANNEXURE A

Nominated persons of the Springs Town Council mentioned in section 4 (3):

STATUTORY COMPONENT

Mr S. P. G. Govender.
Cllr H. P. P. Grobler.
Ald A. S. Kahn.
Cllr M. C. Levitas.
Cllr J. M. Mogotsi.
Cllr Ms M. M. Motlhaping.
Cllr K. B. Mthembu.
Cllr J. J. Murray.
Cllr J. G. Nel.
Ald G. J. Parsons.
Cllr M. E. Radebe.
Mr A. M. Seedat.
Ald T. G. Selkon.
Cllr H. M. Tholo.
Cllr G. M. van Niekerk.
Cllr J. H. P. White.

NON-STATUTORY COMPONENT

Mr M. Akoon.
Ms M. Dlamini.
Mr R. Kubheka.
Ms L. Lasindwa.
Mr S. Magudulela.
Mr M. I. Makgabutlane.
Ms H. Makua.
Mr M. Matwadia.
Mr I. Mazibuko.
Mr A. Moeti.
Mr S. S. Moja.
Mr Z. Moloko.
Ms A. Nyathela.
Mr A. M. J. Nxumalo.
Mr T. E. Phasha.
Mr V. A. Rarane.

ANNEXURE B

Additional candidate of the Springs Town Council mentioned in section 4 (4):

STATUTORY COMPONENT

Ms E. Addinal.
Mr H. M. Essop.
Mr Z. Jordaan.
Mr M. A. Khan.
Mr M. H. Laher.
Mr J. Lamb.
Cllr N. C. Malunga.
Ms A. M. E. Maré.
Mr F. J. Matfield.
Mr S. Nel.

AANHANGSEL A

Genomineerde persone van die Springs Stadsraad in artikel 4 (4) vermeld:

STATUTÊRE KOMPONENT

Mnr. S. P. G. Govender.
Rl. H. P. P. Grobler.
Rh. A. S. Kahn.
Rl. M. C. Levitas.
Rl. J. M. Mogotsi.
Rl. Me. M. M. Motlhaping.
Rl. K. B. Mthembu.
Rl. J. J. Murray.
Rl. J. G. Nel.
Rh. G. J. Parsons.
Rl. M. E. Radebe.
Mnr. A. M. Seedat.
Rh. T. G. Selkon.
Rl. H. M. Tholo.
Rl. G. M. van Niekerk.
Rl. J. H. P. White.

NIE-STATUTÊRE KOMPONENT

Mnr. M. Akoon.
Me. M. Dlamini.
Mnr. R. Kubheka.
Me. L. Lasindwa.
Mnr. S. Magudulela.
Mnr. M. I. Makgabutlane.
Me. H. Makua.
Mnr. M. Matwadia.
Mnr. I. Mazibuko.
Mnr. A. Moeti.
Mnr. S. S. Moja.
Mnr. Z. Moloko.
Me. A. Nyathela.
Mnr. A. M. J. Nxumalo.
Mnr. T. E. Phasha.
Mnr. V. A. Rarane.

AANHANGSEL B

Addisionele kandidate van die Springs Stadsraad in artikel 4 (4) vermeld:

STATUTÊRE KOMPONENT

Me. E. Addinal.
Mnr. H. M. Essop.
Mnr. Z. Jordaan.
Mnr. M. A. Khan.
Mnr. M. H. Laher.
Mnr. J. Lamb.
Rl. N. C. Malunga.
Me. A. M. E. Maré.
Mnr. F. J. Matfield.
Mnr. S. Nel.

Cllr H. H. Ngakane.
Mr A. V. Paima.
Mr A. Papa.
Mr P. J. Roos.
Mr A. A. Selkon.
Ms P. C. Selkon.
Mr S. S. Selkon.
Mr H. Singh.
Mr J. H. van Heerden.
Ms S. van Niekerk.
Mr A. A. Wheatcroft.

NON-STATUTORY COMPONENT

Ms N. Chiya.
Mr M. Mnyakeni.
Mr A. Sibisi.
Mr J. Zungu.

Rl. H. H. Ngakane.
Mnr. A. V. Paima.
Mnr. A. Papa.
Mnr. P. J. Roos.
Mnr. A. A. Selkon.
Me. P. C. Selkon.
Mnr. S. S. Selkon.
Mnr. H. Singh.
Mnr. J. H. van Heerden.
Me. S. van Niekerk.
Mnr. A. A. Wheatcroft.

NIE-STATUTÊRE KOMPONENT

Me. N. Chiya.
Mnr. M. Mnyakeni.
Mnr. A. Sibisi.
Mnr. J. Zungu.

CONTENTS

No.		Page No.	Gazette No.
	PROCLAMATION		
34	Local Government Transition Act (209/1993): City Council of Springs: Enactments	1	5063

INHOUD

No.		Bladsy No.	Koerant No.
	PROKLAMASIE		
34	Oorgangswet op Plaaslike Regering (209/1993): Stadsraad van Springs: Maatreëls	1	5063

Printed by the Government Printer, Bosman Street, Private Bag X85, Pretoria, 0001, for the Transvaal Provincial Administration, Pretoria
Gedruk deur die Staatsdrukker, Bosmanstraat, Privaat Sak X85, Pretoria, 0001, vir die Transvaalse Provinsiale Administrasie, Pretoria